

**Maandag 22 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 102:1-29 (AFR53 / AFR20)**

**Fokusgedeelte: Psalm 102:1**

**Here, ek stort my hart voor U uit!**

Wat maak u wanneer dit voel alles wil uitmekaar val? Ons kan probleme of swaarkry probeer ontken, ontvlug, in woede of met wraak reageer. As dit by verhoudings kom, kan ons emosioneel manipuleer of seermaak. In hierdie Psalm leer ons eerder om ons harte voor die Here uit te stort. Dis immers “die gebed van ‘n hulpeloze” (AFR53 – ellendige!).

Dis ’n klaaglied en ons moet ook soms klaagliedere bid. In vers 2-12 leer ons eers om te pleit by die Here. Dit beteken nie maar net om te vra dat die Here alles sal verander nie. Dis ’n uitroep wat sê: Here, waar is U!? Sien my raak! Hoor my (vs 2)! Ons leer om die swaarkry te verwoord. “My liggaam brand soos vuur” (vs 4); “Ek is platgeslaan” (vs 5); “Ek is soos ’n eensame voël” (vs 6, 7); “Ek slaap nie” (vs 8); “My kos is nat van my trane” (vs 10).

Wanneer ons klaar ons harte leeggemaak het en eerlik was oor ons belewenis; moet ons ook eerlik wees oor Wie die Here regtig is. Vers 13-23 wys ons hoe: “U Here, U heers vir altyd, U is daar van geslag tot geslag.” “U sal ingryp ...” (vs 14); “Die nasies sal die Here vrees” (vs 16); “U gaan Sion weer herbou ...” (vs 17); “Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het” (vs 18).

Wanneer ons eerlik was oor ons swaarkry, wanneer ons weer doelbewus vasgryp aan die Here as ons getroue Verlosser, kom die lof vanself. “Die hemel en die aarde sal vergaan, maar U sal bly ... U bly dieselfde, u jare het geen einde nie” (vs 27-28). Wanneer Christus aan die kruis hang, ervaar Hy ware verwerping en vervloeking sodat sy Gees altyd by ons is! Nou mag ons vrymoediglik ons harte uitstort voor God!

*Sing: Psalm 102:1:1*

*Ds. J van Schaik (Hanno) (Burgersdorp)*